Valsartaan is hoogs gebonde aan serumproteïen (94 tot 97 %), hoofsaaklik serumalbumien. Volume van verspreiding by ewewigstoestande is laag (ongeveer 17 ℓ). Plasma-opruiming is relatief stadig (ongeveer 2 ℓ/h) wanneer dit vergelyk word met hepatiese bloedvloei (ongeveer 30 ℓ/h).
Valsartaan word nie beduidend gemetaboliseer nie en word hoofsaaklik onveranderd in die gal uitgeskei. Ná 'n orale dosis word ongeveer 70 % in die feses uitgeskei en 30 % in die urine.
Die gemiddelde halfleeftyd is ongeveer 9 uur.
Wanneer valsartaan met kos gegee word, is die area onder die plasmakonsentrasie-kurwe (AOK) van valsartaan 48 % kleiner, alhoewel die valsartaankonsentrasies soortgelyk is vir die gevoede en vastende groepe vanaf ongeveer 8 uur ná dosering. Hierdie verlaging in AOK het egter nie 'n gepaardgaande klinies beduidende vermindering in terapeutiese uitwerking nie, en valsartaan kan dus met of sonder voedsel gegee word.

Die gemiddelde tyd tot piek konsentrasie en eliminasiehalfleeftyd van valsartaan by pasiënte met hartversaking is soortgelyk aan dit wat by gesonde vrywilligers waargeneem is. Die AOK en C_{maks}-waardes van valsartaan neem lineêr toe en is feitlik proporsioneel aan die toenemende dosis oor die kliniese doseringsreikwydte (40 mg tot 160 mg twee keer 'n dag). Die gemiddelde akkumulasiefaktor is ongeveer 1,7. Die oënskynlike opruiming van valsartaan ná orale toediening is ongeveer 4,5 ℓ/h. Ouderdom beïnvloed nie die oënskynlike opruiming by pasiënte met hartversaking nie.

Bejaarde pasiënte:
Daar is 'n beduidend hoër sistemiese blootstelling aan valsartaan waargeneem by bejaarde persone as by jonger persone; daar is egter nie getoon dat dit van enige kliniese belang is nie.

Renale belemmering:
Renale opruiming verteenwoordig net 30 % van totale plasma-opruiming en geen korrelasie word gesien tussen nierfunksie en sistemiese blootstelling aan valsartaan nie. Dit is dus nie nodig om die dosis aan te pas by pasiënte met ligte renale belemmering nie. Daar is geen studies uitgevoer by pasiënte wat dialise ondergaan nie. Valsartaan is egter hoogs gebonde aan plasmaproteïen en dit is onwaarskynlik dat dit deur dialise verwyder sal word.

Hepatiese belemmering:
Ongeveer 70 % van die geabsorbeerde dosis word in die gal uitgeskei, hoofsaaklik as die onveranderde verbinding. Valsartaan ondergaan nie ekstensiewe biotransformasie nie en sistemiese blootstelling aan valsartaan korreleer nie met die mate van lewerdisfunksie nie. Dit is dus nie nodig om die dosis van valsartaan aan te pas by pasiënte met hepatiese belemmering van nie-bilière oorsprong en sonder cholestase nie. Dit is waargeneem dat die AOK van valsartaan ongeveer dubbel is by pasiënte met bilière sirrose of bilière obstruksie (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

INDIKASIES
Hipertensie: Behandeling van geringe tot matige hipertensie.
Hartversaking: Behandeling van hartversaking (NYHA klas II – IV).

KONTRA-INDIKASIES
- Hipersensitiwiteit vir valsartaan of enige van die onaktiewe bestanddele van **VALHEFT** (sien **SAMESTELLING**).
- Swangerskap en borsvoeding (sien **SWANGERSKAP EN BORSVOEDING**).
- Erge nierfunksiebelemmering (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min).
- 'n Geskiedenis van angio-edeem verwant aan vorige terapie met angiotensienomskakelingsensiem (AOE) inhibeerders of angiotensienreseptorblokkers (ARB's): Hierdie pasiënte moet nooit weer hierdie medisynes ontvang nie.
- Oorerflike of idiopatiese angio-edeem.
- Hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (HOCM).
- Bilaterale renale arteriestenose.
- Renale arteriestenose by pasiënte met net een nier.
- Stenose van die aorta.
- Gelyktydige terapie met kaliumsparende diuretika, soos spiroonlaktoon, triamtereen, en amiloried (sien **INTERAKSIES**).
- Porfirie.
- Litiumterapie: Gepaardgaande toediening met **VALHEFT** mag tot toksiese bloedkonsentrasies van litium lei (sien **INTERAKSIES**).
- Die gepaardgaande gebruik van **VALHEFT** met aliskiren-bevattende produkte is teenaangedui (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS** en **INTERAKSIES**).

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

Indien 'n vrou swanger sou raak terwyl sy **VALHEFT** neem, moet die behandeling onmiddellik gestaak word en moet na 'n verskillende klas antihipertensiewe medisyne oorgeskakel word. Indien 'n vrou oorweeg om swanger te raak, moet die dokter alternatiewe medikasie oorweeg. (Sien **KONTRA-INDIKASIES** en **SWANGERSKAP EN BORSVOEDING**).

Hipotensie en elektroliet/vloeistofwanbalans:
Natrium- en/of volume-uitputting, weens oormatige perspirasie, braking, diarree, verlengde diuretiese terapie, dialise of soutbeperkte dieet mag die risiko vir simptomatiese hipotensie verhoog. By pasiënte met natrium- en/of volume-uitputting, soos by pasiënte wat hoë dosisse diuretika ontvang, en/of pasiënte met matige tot erge renale belemmering, mag simptomatiese hipotensie voorkom nadat begin is met **VALHEFT** terapie. Natrium- en/of volume-uitputting moet reggestel word voordat behandeling met **VALHEFT** begin word (deur byvoorbeeld die dosis van die diuretikum te verminder).
Indien hipotensie voorkom, laat die pasiënt plat lê en, indien nodig, dien fisiologiese soutoplossing deur 'n binneaarse infusie toe. Behandeling kan voortgesit word sodra die bloeddruk gestabiliseer het.

Renale arteriestenose:
Korttermyn-toediening van **VALHEFT** aan pasiënte met renovaskulêre hipertensie sekondêr aan eensydige renale arteriestenose, het nie enige beduidende veranderings in die renale hemodinamika of serumkreatinien geïnduseer nie. Aangesien ander medisynes wat die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel beïnvloed egter bloedureum en serumkreatinien kan verhoog by pasiënte met bilaterale arteriestenose of stenose van die slagaar na 'n enkele funksionele nier, word aanbeveel dat albei parameters as 'n veiligheidsmaatreël gemonitor word (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Renale belemmering:
Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met geringe tot matige renale belemmering nie. Daar is egter onvoldoende data beskikbaar in ernstige gevalle (kreatinienopruiming < 30 ml/min). **VALHEFT** moenie gebruik word nie, weens 'n toename in newe-effekte (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Hepatiese belemmering:
Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met hepatiese belemmering wat nie van bilière oorsprong is nie en wat sonder cholestase is. **VALHEFT** word grootliks onveranderd in die gal uitgeskei, en pasiënte met bilière obstruktiewe versteurings het laer opruiming van valsartaan getoon (sien **Farmakokinetiese eienskappe**). **VALHEFT** moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met bilièr obstruktiewe versteurings. **VALHEFT** word nie aanbeveel vir gebruik by pasiënte met erge hepatiese belemmering nie.

Hiperkalemie:
Aangesien hiperkalemie kan voorkom, moet die serumkonsentrasies van kalium veral by bejaarde pasiënte en pasiënte met renale belemmering gemonitor word en die gepaardgaande gebruik van kaliumsparende diuretika moet oor die algemeen vermy word (sien **KONTRA-INDIKASIES** en **INTERAKSIES**).

Hartversaking:
Die gebruik van **VALHEFT** by pasiënte met hartversaking veroorsaak gewoonlik 'n mate van verlaging van bloeddruk, maar staking van **VALHEFT** terapie weens volgehoue simptomatiese hipotensie is gewoonlik nie nodig nie, mits doseringsinstruksies gevolg word. Wees versigtig wanneer terapie begin word by pasiënte met hartversaking (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).
By pasiënte met hartversaking, moet versigtigheid aan die dag gelê word met gepaardgaande toediening van ACE-inhibeerders, beta-blokkers en **VALHEFT**, aangesien 'n toename in mortaliteit met hierdie drievoudige terapie gerapporteer is (sien **INTERAKSIES**).

Dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel (RAAS):
Daar is bewyse dat die gelyktydige gebruik van ACE-inhibeerders, angiotensien II reseptorblokkeerders (ARB's) of aliskiren die risiko vir hipotensie, hiperkalemie en verminderde nierfunksie (insluitend akute nierversaking) mag verhoog. Dubbele blokkade van RAAS deur die gesamentlike gebruik van **VALHEFT** en aliskiren is gevolglik teenaangedui (sien **KONTRA-INDIKASIES** en **INTERAKSIES**).
VALHEFT moet nie saam met aliskiren gebruik word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
By pasiënte met erge hartversaking wie se nierfunksie mag afhang van die aktiwiteit van die RAAS, is behandeling met ACE-inhibeerders of angiotensienreseptorantagoniste geassosieer met oligurie en/of progressiewe uremie en met akute nierversaking en/of sterfte. Evaluering van pasiënte met hartversaking moet altyd assessering van nierfunksie insluit.

Invloed op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik:
Dit is raadsaam om versigtig te wees wanneer bestuur word, masjinerie hanteer word of take verrig word wat konsentrasie vereis, totdat bekend is wat die uitwerking van **VALHEFT** is.

Bevat suiker (anhidriese laktose):
Pasiënte met die skaars oorerflike toestande van laktose- of galaktose-onverdraagsaamheid, bv. galaktosemie, Laplander-laktasetekort, of glukose-galaktosewanabsorpsie moenie **VALHEFT** neem nie.

INTERAKSIES
- Data van kliniese proewe het getoon dat dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroon-stelsel (RAAS) deur gepaardgaande gebruik van ACE-inhibeerders, angiotensien II reseptorblokkers of aliskiren, geassosieer word met 'n hoër frekwensie van ongunstige effekte, soos hipotensie, hiperkalemie en verminderde nierfunksie (sien **KONTRA-INDIKASIES, WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
- Gepaardgaande gebruik van kaliumbesparende diuretika, kaliumaanvullings of soutplaasvervangers wat kalium bevat, mag lei tot verhoogde serumkalium en by pasiënte met hartversaking tot verhoogde kreatinienvlakke in die serum (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
- Aangesien **VALHEFT** nie beduidend gemetaboliseer word nie, word interaksies wat klinies van belang is in die vorm van metaboliese indusering of inhibisie van die sitochroom P450 isoënsiemstelsel, nie verwag nie.
- Die antihipertensiewe effekte van **VALHEFT** mag versterk word deur medisynes wat die bloeddruk verlaag.
- 'n Toename in mortaliteit is met valsartaan gerapporteer by pasiënte met hartversaking wat ook beide ACE-inhibeerders én beta-blokkers ontvang en dit moet vermy word by hierdie pasiënte (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).
- Gepaardgaande gebruik van **VALHEFT** met litium mag die opruiming van litium verlaag en litiumtoksisiteit veroorsaak. Die vlakke van die litium moet gereeld gemonitor word (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
- Niesteroïdale anti-inflammatoriese medisyne (NSAIM's), insluitende siklo-oksigenase-2 inhibeerders, mag die effek van diuretika en die antihipertensiewe effek van **VALHEFT** verminder. Pasiënte wat NSAIM's terselfdertyd as **VALHEFT** neem, moet voldoende gehidreer wees en nierfunksie moet gemonitor word.
- Daar is geen klinies beduidende interaksies waargeneem tydens kliniese proewe met die volgende verbindings nie: simetidien, warfarien, furosemied, digoksien, atenolol, indometasien, hidrochloortiasied, amlodipien en glibenklamied.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
Swangerskap:
Veiligheid is nie bepaal nie. **VALHEFT** moenie tydens swangerskap gebruik word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**). Medisynes wat die renien-angiotensienstelsel affekteer, soos **VALHEFT**, kan embrionale toksisiteit, fetale en neonatale morbiditeit en mortaliteit veroorsaak, wanneer dit aan swanger vrouens toegedien word. Wanneer swangerskap beplan of bevestig word, moet die gebruik van **VALHEFT** so gou as moontlik gestaak word.
Vrouens wat nog kan kinders hê, moet seker maak dat hulle effektiewe voorbehoeding gebruik.

Borsvoeding:
Veiligheid is nie bepaal nie. **VALHEFT** moenie tydens borsvoeding gebruik word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
VALHEFT kan met of sonder voedsel geneem word.

Hipertensie:
Die aanbevole dosis **VALHEFT** is 80 mg of 160 mg een keer daagliks, ongeag van ras, ouderdom of geslag.
Die antihipertensiewe effek is grootliks teenwoordig binne 2 weke en maksimale effekte word na 4 weke gesien. By pasiënte wie se bloeddruk nie voldoende beheer word nie, kan die daaglikse dosis tot 320 mg verhoog word, of 'n diuretikum kan saam toegedien word.
VALHEFT mag ook saam met ander antihipertensiewe medisynes toegedien word.

Hartversaking:
Die aanbevole aanvangsdosis van **VALHEFT** is 40 mg twee keer daagliks. Opwaartse titrasie tot 80 mg en 160 mg twee keer daagliks moet gemaak word tot die hoogste dosis wat deur die pasiënt verdra kan word. Dit moet oorweeg word om die dosis van gepaardgaande diuretika te verlaag. Die maksimum daaglikse dosis is 320 mg in verdeelde dosisse toegedien.
Evaluering van pasiënte met hartversaking moet altyd assessering van nierfunksie insluit.

NOTA vir alle indikasies:
Geen aanvanklike dosisaanpassings is nodig vir pasiënte met geringe renale belemmering (waar die kreatinienopruiming bo 70 ml/min is) of vir pasiënte met hepatiese ontoereikendheid van nie-bilière oorsprong en sonder cholestase nie.

VALHEFT word teenaangedui by pasiënte met erge renale belemmering.

Gebruik by kinders en adolessente:
Die veiligheid en doelmatigheid van **VALHEFT** is nie by kinders en adolessente (jonger as 18 jaar) bepaal nie.

NEWE EFFEKTE
Infeksies en infestasies:
Dikwels: virusinfeksies
Minder dikwels: boonstelugweginfeksie, faringitis, sinusitis, rinitis

Bloed- en limfstelselversteurings:
Dikwels: neutropenie
Minder dikwels: trombositopenie

Immuunstelselversteurings:
Minder dikwels: hipersensitiwiteit insluitende serumsiekte

Metabolisme en voedingsteurings:
Minder dikwels: hiperkalemie

Psigiatriese steurings:
Minder dikwels: slaaploosheid, verlaagde libido

Senuweestelselversteurings:
Dikwels: posturale duiseligheid
Minder dikwels: floutes, duiseligheid, hoofpyn

Oogversteurings:
Minder dikwels: wasige visie

Oor- en labirintversteurings:
Minder dikwels: vertigo (draaiduiseling)

Kardiale versteurings:
Minder dikwels: hartversaking

Vaskulêre versteurings:
Dikwels: posturale (ortostatiese) hipotensie
Minder dikwels: hipotensie (mag voorkom by pasiënte met volume-uitputting), vaskulitis

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:
Minder dikwels: hoes

Gastro-intestinale versteurings:
Minder dikwels: diarree, buikpyn, naarheid

Hepatobilière versteurings:
Frekwenskie onbekend: hepatitis

Vel- en subkutane weefselversteurings:
Minder dikwels: angio-edeem, uitslag, pruritus, urtikarie

Muskuloskeletale, bindweefsel- en skeletbeenversteurings:
Minder dikwels: rugpyn, artralgie, mialgie, rabdomiolise

Nier- en urienwegversteurings:
Minder dikwels: renale belemmering, akute nierversaking, renale ontoereikendheid

Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening:
Minder dikwels: moegheid, astenie, edeem
Frekwenskie onbekend: alopesie

Ondersoeke:
Minder dikwels: Verhoogde lewerensieme. Verlaag: hemoglobien, hematokrit, witbloedselle; verhoog: serumkreatinien, kalium, totale bilirubien.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Simptome:
Oordosering met **VALHEFT** mag beduidende hipotensie veroorsaak, wat tot verlaagde bewussynsvlak, sirkulatoriese ineenstorting en/of skok kan lei. Bradikardie of tagikardie kan ook met **VALHEFT** oordosis voorkom.

Behandeling:
Indien ingestie onlangs was, moet braking geïnduseer word. Andersins is die gewone behandeling intraveneuse infusie van fisiologiese soutoplossing. Dit is onwaarskynlik dat dit deur hemodialise verwyder sal word.

IDENTIFIKASIE
VALHEFT 40: Geel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'J' aan die een kant en '40' aan die ander kant ingepers.
VALHEFT 80: Perskekleurige, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, gekeep aan die een kant en met '80' aan die gekeepte kant en 'J' aan die ander kant ingepers.
VALHEFT 160: Geel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette, gekeep aan die een kant en met '160' aan die gekeepte kant en 'J' aan die ander kant ingepers.

AANBIEDING
3 x stulpstroke wat elk 10 tablette bevat word in 'n buitenste karton verpak (30 tablette per pak). Die stulpstroke bestaan uit aluminiumfoelie en 'n multilaag-basisfilm (OPA/aluminiumfoelie/PVC).

BERGINGSINSTRUKSIES
Bêre by of onder 25 °C.
Hou die stulpstroke in die buitenste karton tot benodig vir gebruik.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS
VALHEFT 40: 46/7.1.3/0743
VALHEFT 80: 46/7.1.3/0744
VALHEFT 160: 46/7.1.3/0745

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
LeBasi Pharmaceuticals BK
Jankragebou, 2de Vloer
O.R. Tambostraat 3
Potchefstroom 2531

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PROFESSIONELE INLIGTING
27 Julie 2017

LI0121/18A

Pasiëntinligtingsblad vir VALHEFT 40, 80 en 160

SKEDULERINGSTATUS
Skedule 3

HANDELSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
VALHEFT 40 filmbedekte tablet
VALHEFT 80 filmbedekte tablet
VALHEFT 160 filmbedekte tablet

Lees hierdie hele inligtingsblad noukeurig deur, voordat u begin om VALHEFT te neem.
- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat u dit weer lees.
- Indien u enige verdere vrae het, vra asseblief u dokter of apteker.
- **VALHEFT** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moenie u medisyne met ander mense deel nie. Dit mag skadelik wees vir hulle, selfs al het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT VALHEFT BEVAT
Aktiewe bestanddeel: Elke filmbedekte tablet bevat 40 mg, 80 mg of 160 mg valsartaan onderskeidelik.

Die ander bestanddele is anhidriese laktose, krospovidoon, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose en silika.
VALHEFT 40 en **160** bevat ook Opadry Yellow (bestaande uit hipromellose, makrogol, titaandioksied en geel ysteroksied) en **VALHEFT 80** bevat ook Opadry Pink (bestaande uit hipromellose, makrogol, titaandioksied, rooi ysteroksied en geel ysteroksied).
Bevat suiker:
Elke **VALHEFT 40** tablet bevat 51,3 mg laktose.
Elke **VALHEFT 80** tablet bevat 102,5 mg laktose.
Elke **VALHEFT 160** tablet bevat 205 mg laktose.

2. WAARVOOR VALHEFT GEBRUIK WORD
Valsartaan help om bloedvate te ontspan en verlig sodoende stremming op die hart.
- **VALHEFT** word gebruik om hoë bloeddruk (hipertensie) te behandel.
- **VALHEFT** word gebruik om simptomatiese hartversaking te behandel.

3. VOORDAT U VALHEFT NEEM
Moenie VALHEFT neem nie:
- Indien u allergies (hipersensitief) is vir valsartaan of vir enige van die ander bestanddele van **VALHEFT** (kyk **WAT VALHEFT BEVAT**).
- Indien u swanger is of u baba borsvoed (sien **Swangerskap en borsvoeding**).
- Indien u nierfunksie belemmer is.
- Indien u voorheen angio-edeem (swelling van u gesig, lippe, mond, tong of keel met of sonder probleme om te sluk of asem te haal) ondervind het terwyl u 'n angiotensien-omsettingsensieminhibeerder (AOE-inhibeerder) of 'n angiotensienreseptorblokker, soos **VALHEFT**, geneem het.
- Indien u hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie het, 'n ernstige hartversteuring waar die hartspiere verdik is en met normale bloedvloei inmeng.
- Indien u bloedvate na albei niere of na 'n enkele funksionele nier vernou is.
- Indien u aortastenose het, 'n vernouing van die aortaklepopening tussen die linkerventrikel (groot pompkamer van u hart) en die aorta (die hoofslagaar wat bloed weglei van die hart af).
- Indien u diuretika (waterpille) soos spiroonlaktoon, triamtereen of amiloried neem, wat veroorsaak dat u liggaam kalium terughou.
- Indien u aan porfirie ly ('n metaboliese steuring).
- Indien u litium neem (gebruik om sommige gemoedsteurings te behandel).
- Indien u produkte gebruik wat aliskiren bevat (gebruik om hoë bloeddruk te behandel).

Neem spesiale sorg met VALHEFT:
- Lae bloeddruk (simptomatiese hipotensie) sal waarskynlik voorkom indien u gedehidreer is (oormatige verlies aan liggaamsvloeistof) of souttekorte het weens terapie met diuretika (waterpille), beperkte-soutdieet, diarree, of braking. Die water- en elektrolietbalans in u liggaam moet reggestel word voordat u behandeling met **VALHEFT** begin.
- Indien u 'n ernstige niersiekte het.
- Indien u 'n lewerversteuring het waar galvloei blokkeer word.
- Indien u verhoogde kaliumvlakke in u bloed het. Kaliumbesparende diuretika moet vermy word.
- Indien u 'n bejaarde pasiënt is.

Die neem van VALHEFT met kos en drinkgoed:
VALHEFT kan met of sonder voedsel geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:
Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige voordat u **VALHEFT** neem.
MOENIE **VALHEFT** tablette neem indien u swanger is, vermoed dat u swanger is of beplan om swanger te raak nie.
MOENIE **VALHEFT** tablette neem indien u u baba borsvoed nie.
Indien u 'n vrou is wat nog kan swanger raak, moet u effektiewe voorbehoeding gebruik.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
VALHEFT mag duiseligheid veroorsaak en u vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik belemmer. Wees versigtig voordat u take uitvoer wat konsentrasie verg, totdat u weet hoe **VALHEFT** u sal beïnvloed.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van VALHEFT:
VALHEFT bevat 'n suiker genaamd anhidriese laktose. Pasiënte met skaars oorerflike toestande van galaktose-onverdraagsaamheid of glukose-galaktosewanabsorpsie, moenie **VALHEFT** neem nie.

Die gebruik van ander medisynes saam met VALHEFT:
Sê altyd vir u gesondheidsorgdeskundige indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit aanvullende of tradisionele medisynes in.)
Sê vir u dokter of apteker indien u tans die volgende gebruik:
- Ander medisynes wat bloeddruk verlaag, veral waterpille (diuretika) of aliskiren.
- Medisynes wat die hoeveelheid kalium in u bloed verhoog. Dit sluit kaliumaanvullings of soutplaasvervangers wat kalium bevat, en kaliumbesparende medisynes in.
- Litium, 'n medisyne wat gebruik word om sommige tipes gemoedsteurings te behandel.
- Niesteroïdale anti-inflammatoriese medisynes (NSAIM's), bv. aspirien of indometasien.
- Indien u behandel word vir hartversaking, word 'n drievoudige kombinasie met AOE-inhibeerders en beta-blokkers nie aanbeveel nie.

Indien u 'n operasie moet ondergaan, lig die narkotiseur of die mediese personeel in dat u **VALHEFT** tablette neem.

4. HOE OM VALHEFT TE NEEM
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is, met enigiemand anders deel nie.
Neem **VALHEFT** altyd presies soos wat u dokter voorgeskryf het.
Die gewone dosis is 40 mg, 80 mg of 160 mg een keer daagliks.
U dokter kan verskillende dosisse voorskryf, afhangende van u toestand. U moet met u dokter of apteker kontroleer indien u onseker is.
Hierdie tablette moet op omtrent dieselfde tyd elke dag geneem word.
Moenie u behandeling voortydig staak nie, want u siekte mag vererger.
Indien u die indruk kry dat die uitwerking van **VALHEFT** te sterk of te swak is, sê dit vir u dokter of apteker.

Indien u meer VALHEFT geneem het as wat u behoort:
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.
Neem hierdie inligtingsblad en die oorblywende **VALHEFT** tablette saam met u sodat die dokter kan sien wat u geneem het. U mag erge duiseligheid en/of floutes ervaar, sowel as 'n stadiger of vinniger polsspoed.

Indien u vergeet om VALHEFT te neem:
Indien u u dosis met slegs 'n paar uur gemis het, neem die oorgeslane dosis sodra u onthou. Indien dit byna tyd is vir u volgende dosis, slaan die dosis wat vergeet is oor en neem **VALHEFT** op die gewone geskeduleerde tyd.
Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat oorgeslaan is nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
VALHEFT kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir **VALHEFT** gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie.

Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of indien u enige ongewenste effekte ervaar terwyl **VALHEFT** geneem word, konsulteer asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige.
Indien enige van die volgende gebeur, hou op om **VALHEFT** te neem en sê onmiddellik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- Swelling van u hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat dit moeilik kan maak om te sluk of asem te haal.
- Uitslag of gejeuk.
- Floutes.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit het, mag u 'n ernstige allergiese reaksie op **VALHEFT** gehad het. U mag dringende mediese sorg of hospitalisasie nodig hê.

Sê onmiddellik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte wat dikwels mag voorkom:
- U kry dikwels infeksies weens 'n gebrek aan witbloedselle.
- Virusinfeksies.

Newe-effekte wat minder dikwels mag voorkom:
- U bloedvate raak ontsteek, hartprobleme.
- Swelling van u liggaam (edeem).
- U kry infeksie in u lugweë.
- Diarree, maagpyn, naarheid.
- Wasige visie.
- Spierteerheid of -swakheid (mialgie), pynlike, geswolle gewrigte (artralgie).
- U bloei of kneus makliker as normaalweg weens 'n vermindering in die aantal bloedplaatjies.
- U voel moeg en lyk bleek, omdat daar minder rooibloedselle in u bloed is.
- Verhoogde kaliumvlakke in u bloed.
- Daar is 'n probleem met die werking van u lewer of niere.

Newe-effekte wat met onbekende frekwensie voorkom:
- Lewersiekte met naarheid, braking, koors, vergeling van die vel en die wit van die oë (hepatitis).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese aandag nodig hê.

Sê so gou as moontlik vir u dokter indien u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte wat dikwels mag voorkom:
- Duiseligheid, lighoofdigheid (veral wanneer u regop kom uit 'n sittende of lêende posisie).
- Veluitslag.

Newe-effekte wat minder dikwels mag voorkom:
- Lae bloeddruk, slaapprobleme.
- Hoes, toe neus, sinusontsteking, seer keel.
- Vermoeidheid, ongewone moegheid, verlaagde libido.
- Hoofpyn, 'n draaigevoel in u kop.
- Verhoogde kaliumvlakke in u bloed, styging in lewerensieme.

Newe-effekte wat met onbekende frekwensie voorkom:
- Haarverlies.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN VALHEFT
- Bêre by of onder 25 °C.
- Hou die stulpstroke in die buitenste karton tot nodig vir gebruik.
- STOOR ALLE MEDISYNES BUITE BEREIK VAN KINDERS.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreine en rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN VALHEFT
3 x stulpstroke wat elk 10 tablette bevat word in 'n buitenste karton verpak (30 tablette per pak). Die stulpstroke bestaan uit aluminiumfoelie en 'n multilaag-basisfilm (OPA/aluminiumfoelie/PVC).

8. IDENTIFIKASIE VAN VALHEFT
VALHEFT 40: Geel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'J' aan die een kant en '40' aan die ander kant ingepers.
VALHEFT 80: Perskekleurige, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette, gekeep aan die een kant en met '80' aan die gekeepte kant en 'J' aan die ander kant ingepers.
VALHEFT 160: Geel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette, gekeep aan die een kant en met '160' aan die gekeepte kant en 'J' aan die ander kant ingepers.

9. REGISTRASIENOMMERS
VALHEFT 40: 46/7.1.3/0743
VALHEFT 80: 46/7.1.3/0744
VALHEFT 160: 46/7.1.3/0745

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
LeBasi Pharmaceuticals BK
Jankragebou, 2de Vloer
O.R. Tambostraat 3
Potchefstroom 2531
Tel. nr.: 018 297 4059

11. PUBLIKASIEDATUM
27 Julie 2017

LI0121/18A